

## 24.6 RAPPORT SAAIERS VAN DIE WOORD FONDS

### 1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

#### 1.1 Opdrag

“3.5 Kragtens KO, art 19, ‘n fonds gestig word waarvan die rente opbrengs gebruik word om Teologiese studente te ondersteun, sodat hulle kan afstudeer om as predikante in SA en ander wêrelddele te dien.

3.6 Deputate aangewys word om sodanige fonds te stig en uit te bou.

3.7 Br Koos Smit van GK Laeveld aangewys word om die insameling te koördineer.

3.8 Kerke die Deputate help met kontakligting van vermoënde lidmate wat vir so ‘n fonds kan bydra.

*Besluit: Punte 3.1 tot 3.8 goedgekeur” (Acta 2012:490, 3.5–3.8).*

1.2 Die Deputate het die fonds gestig.

1.3 Die fonds se naam is die *Saaier van die Woord* fonds.

1.4 Die fonds is deur middel van *Die Kerkblad*, skrywes aan Kerkrade, die Internet en persoonlike oproepe aan uitgesoekte lidmate in die kerverband bekendgestel.

1.5 Die Deputate het ‘n rekening by die Administratiewe Buro geopen waarin bydraes inbetaal word.

1.6 Tot en met 29 April 2014 is R4 563 222 ontvang. Die geld is in gelyke dele in Momentum se Faktor 7 fonds belê. Dit is een van die beleggingsfondse waar die EVT fondse tans belê is.

1.7 Die Deputate het slegs telefonies vergader en sodoende uitgawes tot die minimum beperk.

1.8 Die Deputate het onderstaande Reglement vir die Fonds opgestel.

(Die reglement het eie nommering)

### REGLEMENT VAN DIE SAAIER VAN DIE WOORD FONDS

#### 1. Sinodale opdrag

Kragtens ‘n besluit van die Algemene Sinode 2012 (Acta:490, 3.5) is die SAAIER VAN DIE WOORD FONDS in die lewe geroep om Gereformeerde teologiese studente wat hulself as predikante wil bekwaam, finansiëel by te staan.

#### 2. Naam van die Fonds

SAAIER VAN DIE WOORD FONDS.

#### 3. Doel van die Fonds

Die doel van die Fonds is om teologiese studente wat hulself as Gereformeerde Woordverkondigers wil bekwaam finansiëel by te staan. Dit sluit predikante, sendelinge en evangeliste in.

#### 4. Beheer

##### 4.1 Deputate

Die Algemene Sinode wys Deputate aan om in die uitvoering van Sinode opdragte die doelstellings van die Fonds na te kom, aan die vereistes van die Reglement te voldoen en om die Fonds uit te bou. Die Deputate bestuur die Fonds op so ‘n manier dat dit as ‘n standhoudende fonds gevestig word.

##### 4.2 Samestelling van Deputate

Die Algemene Sinode wys die Deputate aan.

#### 4.3 Termyn van Deputate

- 4.3.1 Die termyn van die Deputate is vir 'n tydperk van drie jaar, van een Algemene Sinode tot die volgende Algemene Sinode. Die Deputate kan weer deur die Sinode vir volgende termyne benoem word.
- 4.3.2 Ten minste een van die Deputate moet ook 'n lid wees van die Trustees van die Emeritaatsversorgingstrust (EVT). Hierdie Deputaat moet uit die groep van finansiële kundige Deputate van die EVT kom.

### 5. **Fondse**

#### 5.1 Fondse

Fondse word verkry deur bydraes te ontvang.

#### 5.2 Kapitaalfonds

Die kapitaal van die Fonds groei deur bydraes en beleggingsopbrengs.

- 5.2.1 Wanneer die Fonds sterk genoeg is, kan tot 80% van die jaarlikse beleggingsgroei aangewend word vir die doel van die Fonds.

### 6. **Administrasie**

- 6.1 Die uitbou van die Fonds word opgedra aan die Deputate van die Fonds.
- 6.2 Die toekenningsbedrag uit die Fonds word deur die Deputate na oorleg met die Kommissie vir Finansiële Ondersteuning van die Kuratore (KFO) vasgestel.
- 6.3 Die KFO lewer jaarliks verslag aan die Saaier van die Woorddeputate oor die aanwending van die fondse sodat die inligting vir verdere bemerking gebruik kan word. Die verslag moet die akademiese vordering van die studente insluit.
- 6.4 Die algemene administrasie van die Fonds word aan die Administratiewe Buro opgedra.

### 7. **Aansoeke**

Aansoeke geskied volgens die huidige prosedure soos bepaal deur die KFO.

### 8. **Wysiging van die Reglement**

Die Reglement kan slegs met 'n tweederde meerderheid van die Deputate en met goedkeuring van die Algemene Sinode verander word.

(Einde van Reglement)

## 2. **Sake waarvoor die Sinode besluit**

### Aanbevelings

- 2.1 Die Sinode keur die Reglement van die Saaiers van die Woord fonds goed.
- 2.2 Die Sinode besluit dat die beleggingsopbrengs van die Fonds vir ondersteuning van teologiese studente gebruik kan word. (Motivering: Die besluit van Sinode 2012 lui dat die rente opbrengs gebruik kan word, Acta 2012:460, 3.5.)
- 2.3 Dat Deputate vir die Saaiers van die Woord fonds benoem word.
- 2.4 Dat een van die EVT-deputate op die Saaier van die Woord fonds benoem word. Hierdie Deputaat moet een van die finansiële kundige Deputate van die EVT wees. (Motivering: die EVT-deputate doen reeds beleggings namens die kerkverband. Hul kundigheid behoort benut te word.)
- 2.5 Dat kerke die Deputate help met kontakinligting van vermoënde lidmate wat tot die Fonds kan help bydrae.
- 2.6 Dat begroot word dat die Deputate ses telefoonvergaderings kan hou en relevante korrespondensie aan Kerkrade uitgestuur word.

Opdragte

- 2.7 Die Deputate kry opdrag om die Fonds verder uit te bou.
- 2.8 Die Deputate kry opdrag om uitkerings kragtens die Reglement van die Fonds toe te ken aan teologiese studente.

*Rapporteur:* Br JJ Howell.